

DERDE VASTYD SONDAG – JAARKRING C

Eerste Skriflesing: Exodus 3: 1-8. 13-15

Beurtpsalm: Psalm 103: 1-4. 6-8. 11

Tweede Skriflesing: 1 Korintiërs 10: 1-6. 10-12

Evangelie: Lukas 13: 1-9

Vandag herinner die Evangelie ons aan die belangrikheid van opregte berou. Die hartseer wat 'n mens voel wanneer jou gewete jou pla is 'n goeie ding. Dit is eintlik 'n genadegawe van God, wat ons uitnoui om op 'n ander manier te lewe, om 'n beter, vryer en gelukkiger mens te word. Die Griekse woord 'metanoia' wat gewoonlik as berou of bekering vertaal word en 'n verandering van rigting of gesindheid aandui, kom 58 keer in die Nuwe Testament voor.

Die Vastyd is veral dié tyd vir verandering in ons lewens, om oor ons lewenskoers na te dink en onself oop te maak vir die gawes van die Heilige Gees, vir dié lewe sonder einde wat God ons aanbied. Mag die Here ons help op die pad van ware berou en bekering.